



Riaan Wassung, trotste wynmaker van die Welgevallen Opleidings- en Navorsingskelder aan die Universiteit Stellenbosch.

(Foto: SSFD)

Universiteit se kelder oes mooi op Jongwynskou

Vir enige wynmaker is 'n medalje die kroon op sy laatnag swoeg en sweet gedurende parstyd. Vir Riaan Wassung, wynmaker by die Welgevallen Opleidings- en Navorsingskelder, smaak hierdie sukses nóg soeter omdat hy weet dat die ses medaljes en klaswenner wat hulle pas by die Nasionale Jongwynskou verower het, beteken dat die kelder op standaard met die res van die bedryf is.

"Mense is dikwels onder die wanindruk dat ons net rondspeel met eksperimentele wyne omdat ons 'n opleidings- en navorsingskelder is, maar ons prestasie het bewys dat Welgevallen goeie wyne kan maak as ons die regte druiwe het," vertel Wassung met trots.

Vanjaar was Wassung, 'n oudstudent van die Departement Wingerd- en Wynkunde in die Fakulteit AgriWetenskappe, se derde parsseisoen by Welgevallen. Hy en sy kelderspan, wat onder meer finalejaar-wynkunde-studente insluit, maak op kontrakbasis wyn op kommersiële skaal in opdrag van hoofsaaklik drie groot kliënte, wat die druiwe voorsien.

Die wyne wat medaljes gekry het, is Journey's End Merlot (goud), Cranefield Farming Trust Cabernet Sauvignon (silwer), en Journey's End Cabernet Sauvignon, Journey's End Shiraz, Journey's End Chardonnay en Welgevallen Petit Verdot (almal brons).

Wassung is veral in sy skik met die merlot, wat ook 'n klaswenner was, en die petit verdot, wat uitsluitlik vir die opleiding van voorgraadse studente berei is. **m**

Universiteit hervat fynbosprogram

Goeie nuus vir die Suid-Afrikaanse fynbosbedryf is dat die US se fynbosnavorsings- en opleidingsprogram, wat in 2000 afgeskaal is, hervat is.

'n Dosent in fynbos is onlangs in die Departement Hortologie aangestel om weer 'n snyblommodule voorgraads te vestig en ook 'n sterk navorsingprogram te bestuur wat gemik is op die versterking van die fynbosuitvoerbedryf as belangrike landbouvertakking.

Navorsing aan die Departement Hortologie het oor die afgelope 30 jaar kundigheid onder leiding van prof Gerard Jacobs opgebou ten opsigte van onder meer die na-oeshantering van fynbos, die ontwikkeling van snoeiskedules vir hoër

Me Lynn Hoffman, wat aangestel is om die Universiteit Stellenbosch se fynbosnavorsingsprogram weer op dreef te kry. (Foto: SSFD)



opbrengste en meer bemerkbare stele in proteas.

Me Lynn Hoffman, wat navorsing doen oor die verskuiwing van die blomtyd van sekere proteakultivars, is aangestel as lektor met die doel om die US se fynbosprogram uit te bou.

Haar navorsing word allerweë as 'n deurbraak beskou vir Suid-Afrikaanse uitvoerders wat in die Europese blommark wil meeding. Sy het daarin geslaag om een van ons mooiste proteakultivars, Carnival, se natuurlike blomtyd, wat van Februarie tot Mei is, na tussen November en Januarie te verskuif, wanneer die beste pryse op die Europese mark behaal kan word. **m**



Dr Sonja Matthee besig met 'n ondersoek van uitwendige parasiete op die streepmuis. (Foto: SSFD)

Parasiete is noodsaaklik vir balans in die ekosisteem

Parasiete het 'n negatiewe konnotasie vir die meeste mense. Hierdie siening is egter ongegrond, aangesien baie min parasietespesies siektes dra, sê dr Sonja Matthee, parasietkundige in die Departement Bewaringsekologie en Entomologie. Volgens haar het nuwe navorsing aan die lig gebring dat parasiete belangrike

drywers in ekosisteme is aangesien hulle vir balans in die ekosisteem sorg.

"Oorbevolking in wildkampe en op plase kan daartoe lei dat diere se spanningsvlakke verhoog en hulle immuniteit gevolglik verlaag. Dit kan 'n versteuring in die natuurlike parasiet-gasheer-verhouding veroorsaak, wat tot verhoogde sterftes lei. Die sterftes is egter inherent vanweë 'n wanbalans in die ekologie en nie omdat die siekte deur parasiete gedra is nie.

Die ekologiese rol van parasietdiversiteit is relatief onbekend, en dit is veral dié aspek waarop dr Matthee haar navorsing fokus. Sy maak deel uit van 'n span navorsers in Suid-Afrika, Duitsland, Frankryk en Amerika wat druk besig is om antwoorde vir die vele onsekerhede rakende parasiete te probeer kry.

Dr Matthee het reeds intensiewe navorsing oor volhoubare parasietbeheer in die resiesperd bedryf gedoen.

"Perdeboere in die Wes-Kaap alleen spandeer meer as R2 miljoen per jaar aan parasietbeheer. Daar is aanduidings dat parasietprobleme deur huidige klimaatsveranderinge vererger gaan word," waarsku dr Matthee. **m**